
Bybelse inspirasie vir ons getroue vrywilliger, vennoot en vriend
September 2011


# WATTER SOORT STORIE VERTEL JOU KLIPPE ?





Vir baie van ons is dit terapeuties om **klippies** op te tel op die strand en jou eie gunsteling kleure of vorms uit te kies! As ek na die foto's van klippies by Fransmanshoek en Strandfontein kyk raak mens sommer lus vir vakansie en lang, luilekker stappe langs die strand! Klippe inspireer my die maand ...

Elke week tydens voorbereiding vir aanbiedings breek die Here nuwe waarhede uit die Bybel vir my oop en ek dink dat ek soms meer as die kinders leer! Hier is die klippe verhaal in die Bybel: Daar is omtrent 129 Bybelverse waarin die woord klippe voorkom. **1.God gee reëls op plat klippe:** **Eksodus 24:12"Toe sê die Here vir Moses: "Klim nou die berg verder uit na My toe en vertoef daar dat Ek vir jou die plat klippe kan gee waarop Ek die wette en gebooie neergeskryf het vir die onderrig van die volk."** Sommer vroeg in die Bybel gee God 10 wette vir Moses en tot vandag gee dit basiese riglyne, nie om ons te straf nie maar om ons te beskerm. **Hierdie klippe het leiding gegee aan God se volk en hulle gee ons steeds rigting vandag. Volg hulle getrou!** **2. Klippe wat getuig van 'n wonderwerk!** **Josua 4:20-22 "Josua het die twaalf klippe wat hulle uit die Jordaan saamgebring het, in Gilgal opgestel en vir die Israeliete gesê: "As julle kinders eendag hulle pa's vra: 'Wat beteken daardie klippe?'moet julle die kinders inlig en sê: Israel het op droë grond deur hierdie Jordaanrivier gegaan"** Hierdie klippe getuig van die wonderwerk wat die Israeliete beleef het van die pad wat God oopgemaak het in die onbegaanbare Jordaan wat sy walle oorstroom het sodat hulle droogvoets kon deurstap! So is God se mag oor die natuur gedemonstreer. **As ons na hierdie klippe kyk moet ons onthou: God spesialiseer steeds daarin om paaie oop te maak waar dit vir jou onmoontlik lyk!** **3.Klippe van mislukkings:** Die slag van Jerigo was 'n oorlog waar God aan Israel die oorwinning gegee het sonder dat hulle 'n hand opgelig het. Maar in Josua 7 lees ons van Akan en die gevolg van sy ongehoorsaamheid en wegsteek van gesteelde goed. Israel ly 'n nederlaag teen Ai. Hulle het van God se voorskrifte vergeet. Akan word tereggestel: Josua 7:25 **"Josua het gesê: "Jy het die dood oor óns gebring, vandag bring die Here die dood oor jóú!" Die hele Israel het toe vir Akan met klippe doodgegooi en hom en sy mense en sy besittings verbrand en met klippe toegegooi."** Hierdie hoop klippe in die Akorlaagte word die getuienis van Israel se nederlaag a.g.v. hul ontrouheid aan die Here. **Het ons dalk ook kliphope wat die getuienis is van ons mislukkings toe ons die stryd sonder God probeer aanpak het?** **4.Klippe van oorwinning:** Ons kan ook kliphope wees wat getuig van oorwinning soos toe Israel hul verhouding met God herstel en Hom die inisiatief en leiding laat neem het toe Ai weer aangeval is. Hierdie keer is 12000 mense(ook die koning) van Ai verslaan! Lees in **Josua 8:29 "Hy het die koning van Ai aan 'n boom opgehang en hom daar laat bly tot die aand toe. Toe die son ondergaan, het Josua opdrag gegee, en hulle het die lyk van die boom afgehaal, dit in die stadspoort gegooi en 'n groot hoop klippe daarop gepak, wat vandag nog daar is."** **Klippe van oorwinning met God in beheer!**




**Ek haal aan uit die Bybel in Praktyk: "Wanneer die verhouding met God reg is, is daar nie net sukses vir Israel nie, maar vorige mislukkings word omgedraai in triomf. Vir die wie hulle voor God verootmoedig en die verhouding met Hom herstel, is daar kliphope wat getuig van mense wat die minustekens in hulle lewens plustekens gemaak het. En in Jesus word plustekens kruistekens van versoening met God en 'n nuwe lewe van triomf in Jesus Christus"** **Van watter soort klippe getuig jou lewe?**

**Dankie vir elkeen se insette in die Kaapse bediening; hetsy gebed, finansies, ondersteuning of omgee, ons waardeer dit ! Hou ons asb in jul gebede vir wysheid elke dag.** **Celeste Steinmann 082 322 5299**